KUIERTYD (A)

Graad 2

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. die korrekte manier van onthaal aan te leer.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. ‘n Uitnodigingskaartjie vir ‘n maat maak.
2. Vir die geleentheid 3 eenvoudige eetgoed maak.
3. Die tafel dek om by die geleentheid te pas.
4. Weet hoe om maats (gaste) te ontvang.
5. Weet wat goeie maniere en etiket rondom onthaal en partytjies is.
6. Weet wat is die korrekte optrede van die gasheer/vrou as daar ‘n aantal maats is.
7. Weet hoe om die maats (gaste) te bedien en tuis te laat voel.
8. Moet die korrekte optrede van ‘n gas ken:
   - wanneer hy ‘n uitnodiging ontvang,
   - optrede by aankoms en vertrek,
   - optrede tydens bediening van verversings.
9. Weet vir wie en hoe om na die partytjiete bedank.

C AANBIEDING

1. Vereiste 1 en 2. Die kaartjies en eetgoed mag as span saam gemaak word. Dink aan eetgoed soos byvoorbeeld springmielieballe, malvalekkers op koekies, kolwyntjies, gesiggies op koekies, diertjies met lekkers en skyfies.
2. Vereiste 3.Opdrag duidelik.
3. Vereiste 4 ot 9.Gesprekke, rolspel en skep van denkbeeldige situasies aan die kind is maniere om die inligting oor te dra.
4. Plak die inligting en foto’s in die spanboek vir latere verwysing.